



## Necesse in 2020

Die Necesse-opsie is een van Medihelp se omvattende voordele-opsies en bied ruim versekerde dag-tot-dag-voordele en uitstekende dekking in privaat hospitale deur gehaltenetwerke. Medihelp het vir 2020 daarop gefokus om die volhoubaarheid van Necesse te verseker deur verantwoordelike prysingsbeginsels toe te pas. Die omvattende voordele van die opsie bly onveranderd, met voordelebedrae wat met gemiddeld 5,4% verhoog.

Netwerke, aangewese diensverskaffers, voordele en die prosesse wat jy in 2020 moet volg om voordele te gebruik word volledig in die Necesse-gids bespreek. Klik op die skakel om die gids te lees of af te laai.

[Necesse Netwerk-ledegids](#)

## Netwerke in 2020

Hoewel die aangewese diensverskaffers en netwerke in 2020 dieselfde bly (raadpleeg asseblief die gids vir besonderhede) is vier hospitale by die netwerk van privaat hospitale in KwaZulu-Natal en die Wes-Kaap gevoeg, naamlik:

- Mediclinic Newcastle
- Mediclinic Stellenbosch Dagkliniek
- Mediclinic Winelands Ortopediese Hospitaal
- Medicross Foreshore Daghospitaal

## Maandelikse ledegeld in 2020

Die aanpassing van Necesse se ledegeld vir 2020 is beïnvloed deur hoër gebruikmaking en groter beskikbaarheid van gesondheidsorgdienste, asook stygings in tariewe.

Die maandelikse ledegeld vanaf 1 Januarie 2020 verskyn hier onder:

### Maandelikse ledegeld

Bruto maandelikse inkomste		R601+
Hooflid	👤	R2 551
Afhanklike	👤	R1 994
Kinderafhanklike <21 jaar	👤	R1 108

Werkgewersbydrae is nie by die maandelikse ledegeld ingereken nie

## Diens en ondersteuning in 2020

- Op die [Member Zone](#) (beveiligde webblad vir lede) kan jy inligting kry met net 'n klik of twee. Jy kan jou belastingsertifikate aflaai, beskikbare voordele sien, eisestate lees, besonderhede bywerk en goedkeuringsversoeke vir hospitalisasie aanlyn rig.
- Medihelp se app vir lede het funksies soos toegang tot 'n e-lidmaatskapkaart, soek vir 'n netwerkverskaffer en inligting oor jou beskikbare voordele.
- Die nuutste élan-tydskrif met artikels oor onderwerpe soos 'n gesonde swangerskap en bringesondheid is beskikbaar op die [HealthPrint-webtuiste](#) vir jou leesgenot.

Indien jy oorweeg om vanaf 1 Januarie 2020 na 'n ander voordele-opsie te verwissel, moet jy ons asseblief laat weet via die [Member Zone](#) of per e-pos na [membership@medihelp.co.za](mailto:membership@medihelp.co.za) teen Maandag, 16 Desember 2019 op die laatste. Na hierdie datum sal geen verwisseling van voordele-opsie aanvaar word nie. Indien jy Medihelp graag wil skakel om te verwissel, moet jy dit asseblief voor Vrydag, 13 Desember 2019 om 16:00 by 086 0100 678 doen om genoeg tyd vir die verwerking van die verwisseling toe te laat.

Vriendelike groete



HEYN VAN ROOYEN  
HOOFBEAMPTE